# 253. U GOEDHEID YAHWEH NOOIT VOLPRESE

```
    G                      C       G
1.  U goedheid Yahweh nooit volprese!
                    C        D       G
    Wie word daardeur nie diep getref?
                              C     G
    Hoe snood ondankbaar is die wese
                C      D      G
    wat nie sy hart tot U verhef!
                       D         G
    Aan U alleen ons dank en ere
                         C       D
    laat dit my Lus my lied hier bly!
    G                     C        G
    Vergeet my siel dan nooit U, Yahweh
                   C        D        G
    want nooit vergeet Yahweh vir my

    G                      C       G
2.  Wie bou my liggaam wonderkunstig?
                   C        D      G
    Yahweh wat niks van my behoef.
                          C       G
    Wie lei my daagliks so goedgunstig?
                  C       D       G
    Yahweh wat ek so diep bedroef.
                         D         G
    Wie werk in my gemoed die vrede,
                             C      D
    wie sterk my gees met nuwe krag,
    G                     C      G
    wie deel my soveel seën mede?
                C        D           G
    Is’t nie Sy arm, so sterk van mag?

    G                  C        G
3.  Gedenk o siel die eew’ge lewe,
               C      D    G
    jou onverdiende erfenis,
                          C       G
    waar jy met heerlikheid omgewe,
                    C        D      G
    om saam met Yahweh te regeer.
                          D      G
    Juig dan, my siel, in dié verwagting,
                         C       D
    dit  het die duurste prys gekos:
    G                      C      G
    Lam van Yahweh, gelei ter slagting,
                   C      D       G
    het ons van sondeskuld verlos.
```

```
        G                      C      G
4.      Sou ek Yahweh dan nie vereer nie,
                         C        D        G
        sou ek Sy goedheid nie verstaan nie?
                                C      G
        Sou Hy my raad gee, ek nie leer nie,
                      C       D        G
        die weg wat Hy my wys nie gaan?
                            D      G
        Yahweh U rig my wil en strewe;
                               C     D
        U Woord bly my bestendig by;
        G                  C        G
        U moet ek lief hê heel my lewe,
                       C     D         G
        en ook my naaste min soos my!

        G                    C    G
5.      Dit is my dank, tot Sy behae:
                      C       D          G
        ek  moet volkome wees soos Hy;
                           C     G
        Is dit my doelwit al my dae?
                    C      D      G
        dan pryk Sy heerlik'beeld in my.
                               D     G
        As Hy my sterk deur Sy genade,
                         C    D
        sal ek in Sy gebooie bly,
        G                     C        G
        en doen ek dikwels nog die kwade,
                       C      D      G
        tog héérs die sonde nie in my.

        G                     C      G
6.      Dat dan U sorg en troue hoede,
                        C          D    G
        Yahweh, my steeds voor oë bly,
                            C        G
        so sal dit my ook sterk ten goede
                      C    D    G
        om heel my lewe U te wy!
                           D    G
        Dit lei my voort in blye dae,
                             C       D
        dit troos my in die bangste nood,
        G                     C        G
        en leer my sonder skrik verdrae
                       C        D        G
        die aaklig' denkbeeld van die dood.
```